DEEL 114 | WEEK 18 | 6 MEI 2022 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# STROOP SWAAR MAAR LEKKER



Nadat swaar reën begin April oor dele van die somerreënstreek voorgekom het, het die kans op swaar opvolgreën in Mei verswak. Lande is nat en dit bemoeilik die stroop van graan. Die afgelope twee weke se son het gehelp dat graanprodusente die week volstoom kon stroop. Veral Sojabone is nou op 'n kritieke stadium en peule begin oopspring. "Die land is plekke nog te nat, maar ons het nie keuse nie, ons sal maar om dit moet stroop en trekkers met kettings staan langs die lande om uit te sleep as die stropers val", was oom Hendrik van Hoogte buite Heilbron se opmerking.

Minder reën het in die laaste 10 dae van April voorgekom as wat aanvanklik verwag is, hoewel goeie neerslae wel op plekke aangeteken is. Die swaarste neerslae is in die Vrystaat gemeet met 53mm by Wepener, 48mm by Bloemfontein en 39mm by Hennenman.

Hoe lyk die volgende twee maande se reënval?

Op korttermyn het reënvaltoestande verswak vir veral die eerste tot middelste deel van Mei. Aanvanklike voorspellings het redelike hoeveelhede reën en bewolkte toestande getoon, maar dit lyk asof neerslae baie ligter gaan wees. Weermodelle dui tans aan dat reën weer einde Mei oor die sentrale en oostelike dele van die somerreënstreek kan voorkom. Min reën word gedurende Junie verwag, sê Johan van den Berg, onafhanklike landbouweerkundige.



# GELUKKIG WAS HY NIE OOR

Geluk was Sondag aan die kant van 'n Johannesburgse man wat nadat hy glo aan die slaap geraak het, met sy ski-boot tussen twee oop sluise op die Vaaldam beland het.

Jake Manten, die NSRI woordvoerder sê: "Toe ons daar aankom, het die man reeds daarin geslaag om sy boot se enjin aan te skakel om daar uit te kom. Gelukkig het hy nog nie so ver gekom nie, want die sterk stroom sou hom oor die wal meegesleur het."

Die Seereddingsinstituut het die Departement van Waterwese en Sanitasie gevra om die sluise toe te trek sodat dit veiliger sou wees vir die reddingspan om die man te help. Die sluise was vir sowat 15 minute gedeeltelik toegemaak terwyl die boot na veiligheid gesleep is.

Die man is nie beseer nie en die boot is ook nie beskadig nie. Daar is nie tans veiligheidskabels aan die Vaaldam se wal nie, maar die departement is glo besig om dit te vervang nadat dit in 'n vorige vloed beskadig is. Dit gebeur gereeld laat mense se enjins onklaar raak op die dam, maar volgens Michael Kriel, 'n amptenaar van die Departement, was daar in 1992 laas so 'n geval aangemeld.

Huidiglik is daar net een van die dam se sluise oop, maar sal na verwagting binnekort weer toegemaak word. Die dam was op 5 Mei om 07:00 op 106.6% kapasiteit.

EST.2021
OJ'S
ON LONGMARKET
Pizza
CALL US: 058 852 1319

MARGHERITA WITH FETA
Tomato base with mozzarella, feta, marinated tomato, basil pesto, parmesan and black pepper.

PULLED PORK AND PINEAPPLE
Tomato base with mozzarella, pulled pork, BBQ sauce, pineapple, lime mayo, spring onion, jalapeno (optional) and pickles on the side.

SMOKEY PEPPERONI
Tomato base with mozzarella, smoky pepperoni, red onion, peppers, feta, parmesan and black pepper. Served with chillies in olive oil.

MEXICAN
Mozzarella, cheddar, chipotle ground beef and spicy charred corn & tomato salsa topped with jalapenos and lime mayo.

MON-TUE - CLOSED • WED-THUR - 10:00-21:00 • FRI-SAT - 10:00-22:00 • SUN - 10:00-17:00

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Donderdae – Royal Auction Centre
VIR KRAALBESPREKINGS EN INSKRYWINGS, SKAKEL:
Piet Boshoff: 083 210 7135 of Jan Hendrik Claassen: 074 490 5451



BKB
www.bkb.co.za

# TEG. DIREKTEUR GESKORS

Raadslede, soos inwoners, het nou ook genoeg gehad van swak bestuur deur amptenary. Op 'n dringende spesiale raadsvergadering verlede Vrydag het die raad besluit om sy tegniese direkteur, Mnr Thami Malunga, voorlopig te skors en om aan hom, soos wetlik vereis word, sewe dae te gun om redes aan te voer waarom hy nie permanent, hangende tugstappe wat gaan volg, geskors moet word nie. Die onlangse enorme kragprobleem wat Parys verlede week moes verduur toe die dorp vir byna 48 uur sonder krag was asook die algemene gebrek aan vordering met kapitaalprojekte het die raad genoop om drasties op te tree. Eskom het, nadat die stroombreker by sy substasie uitgeskop het as gevolg van 'n fout op Ngwathe se netwerk, geweier om die toevoer te herstel voordat Ngwathe die versekering kon gee dat sy eie stroombrekers behoorlik funksioneer en sy netwerk veilig is sodat die herstel van die toevoer nie enige risikos van skade aan Eskom se infrastruktuur sou inhou nie. Volgens VF Plus raadslid Phillip van der Merwe, lid van die Komitee wat Infrastruktuur en Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling hanteer, het onlangse inspeksies deur die komitee by kapitaalwerke wat in proses is verskeie probleme daarmee geopenbaar. Die waarnemende munisipale bestuurder, Me Florence Mokgobu, is aangestel om tussentyds, hangende afhandeling van moontlike tugstappe teen die tegniese direkteur, die tegniese portefeulje te beheer. Die burgemeester, raadslid Victoria de Beer het tydens die raadsvergadering ook aangedui dat die voormalige Eskomtaakspan bestaande uit raadslede sowel as amptenary weer geaktiveer word om met Eskom te onderhandel oor die groter aanvraag na krag wat in die wintermaande wat kom verwag word, die verhoging van hoofsubstasies se kapasiteit en betalingsplanne. Die burgemeester en haar huidige span sou reeds weer op 5 Mei met Eskom ontmoet om die proses verder te neem. 'Inwoners sal sover moontlik op hoogte gehou word met vordering met die proses' sê raadslid Van der Merwe.

# OP DIE NIPPERTJIE VERLENG

Covid-19 se gesondheidsregulasies is Woensdagaand op die nippertjie gefinaliseer en is net voor middernag gepubliseer. Dit nadat verskeie mense amper hulle maskers weggegooi het aangesien die gewysigde gesondheidsregulasies met die oorgangsperiode om middernag sou verstryk.

Konsultasieperiode vir voorgestelde gesondheidsregulasies is met 2 maande verleng. Dr. Joe Phaahla, Minister van Gesondheid, het die tydperk vir openbare kommentaar op die gesondheidsregulasies verleng. Die publiek het nou tot 5 Julie kans om kommentaar oor die voorgestelde gesondheidsregulasies te lewer. Volgens die departement van gesondheid sal dit die instelling genoeg tyd gee om deur die 300 000 voorstelle te werk.

Hier is die regulasies wat steeds geld:

Geen persoon mag enige vorm van openbare vervoer gebruik of 'n binnenshuise openbare plek binnegaan tensy hy/sy 'n gesigmasker dra nie. Dit geld egter nie vir kinders by die skool nie.

Byeenkomste binnenshuis en in die buitelug mag teen 50% van die beskikbare kapasiteit plaasvind, mits jy teen Covid-19 ingeënt is en 'n geldige inentingsertifikaat toon. Alternatiewelik moet jy 'n geldige negatiewe Covid-19-toetsuitslag lewer nie ouer as 72 uur voor die datum van die byeenkoms nie.

Indien daar nie aan hierdie vereistes voldoen word nie, of dit nie moontlik is nie, sal bywoning van 'n byeenkoms binnenshuis tot 1 000 mense of 50% van die toelaatbare kapasiteit beperk word, terwyl die bywoning van 'n byeenkoms in die buitelug beperk sal word tot 2 000 mense of 50% van die kapasiteit (afhangend van die perseel se grootte).

Die vorige oorblywende beperkings sal om middernag verval.

## COVID-19 OORSIG

| Munisipale Area | Dorp | 25 April '22 | 3 Mei '22 |
|---|---|---|---|
| METSIMAHOLO | Sasolburg | 10 410 | 10 506 |
| | Deneysville | 845 | 847 |
| | Oranjeville | 244 | 245 |
| MOQHAKA | Kroonstad | 7549 | 7569 |
| | Viljoenskroon | 1137 | 1137 |
| | Steynsrus | 204 | 205 |
| NGWATHE | Parys | 2945 | 2952 |
| | Heilbron | 1484 | 1491 |
| | Koppies | 1362 | 1363 |
| | Edenville | 207 | 208 |
| | Vredefort | 396 | 396 |
| MAFUBE | Frankfort | 1844 | 1850 |
| | Villiers | 657 | 667 |
| | Cornelia | 165 | 167 |
| | Tweeling | 379 | 379 |
| TOTAL | | 29 828 | 30 122 |

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak

*Silma Petzer*

Tel: 058 852 3033
heraldnuus@heilbron.co.za




# *Uit die pen:*



# WEEK 18 VAN 2022

Oor die jare het die onderwysdepartement honderde loodsprojekte gedoen waarvoor hulle geld iewers gekry het. (Ek het altyd na die "pilot projects" verwys as "pirate projects".) Hulle het skole vir hierdie loodsprojekte gekies wat op een of ander kriteria gebasseer was. Hierdie kriteria het met elke projek verander. Sommige van die projekte is end-uit gevoer, en ander is in die middel gestop. Sommige projekte het nooit van die grond af gekom nie. Ander se kriteria het iewers gedurende die projek verander.

Gewoonlik was daar een of ander borg vir die projek. Die geld is dan gebruik om eerstens propaganda te maak vir die projek. Dan word daar koördineerders aangestel om die projek te bestuur. Elkeen van hierdie koördineerders moet dan by skole besoek gaan aflê om te hoor wie stel belang in die projek. Daarvoor het hy vervoer, hulpbronne en kos nodig. En nog baie ander goeters.

Nodeloos om te sê: baie van die skole het alreeds te veel werk gehad: Akademie, kultuur, sport, vorms, administrasie, noem maar op.

Een oggend kondig Die Skoolhoof aan dat iemand, kom ons noem hom Wikus, ons kom toespreek oor nog 'n loodsprojek.

Omtrent almal sug. Regtig? Wat ons wanneer gaan doen?

Wikus doen sy voorlegging, bring sy digitale projektor saam (daardie dae was 'n projektor nogal 'n rariteit) en verduidelik hoe wonderlik hierdie nuwe projek gaan wees. Die meeste van die personeel sug hoorbaar.

Ek luister. Dalk, net dalk.

Ons moet 'n rekenaarprojek doen met die graad 8-leerders, hulle rekenaargeletterd maak. Dan moet ons dat hulle iets maak wat in 'n winkel oorsee verkoop kan word.

Met die eerste taak het ek nie 'n probleem nie, maar hoe gaan almal iets gemaak kan kry? Van ons leerders het nie eers elektrisiteit by hulle huise nie, ook nie lopende water nie. Waar sal hulle geld kry om iets te maak?

Die twee rekenaarjuffrouens het nie lus hiervoor nie. Hulle verklaar dit ook dan luidkeels.

En in ruil daarvoor, kondig Wikus aan, kan 'n paar onderwysers en kinders na hierdie oorsese land gaan vir twee weke. Die meeste van die personeel sug hoorbaar.

Ek luister. Dalk, net dalk.

Toe Wikus klaar is met sy voorlegging, verlaat die personeel die perseel soos een man. Hulle het regtig nie tyd vir hierdie speletjie nie.

Die volgende oggend gaan sien ek Die Skoolhoof. Ek sal die projek doen, want ek wil oorsee gaan, lig ek hom in.

Twee kollegas kom meld aan om te help. Die hele projek is 'n getas in die donker, maar ons maak dit op soos wat ons aangaan. Ek leer die graad 8's hoe om MS Word te doen, laat hulle maklike berekeninge in MS Excel doen en gee hulle vrye teuels met MS PowerPoint.

Maar aanvanklik is dit nie so maklik as wat dit klink nie, want sommiges het nog nooit aan 'n rekenaar geraak nie. Hulle moet geleer word waar om dit aan te sit, hoe om aan te teken en hoe om 'n vouer te maak waarin al die dokumente gestoor kan word. Gelukkig is die klasse in Engels, en ek kan vrylik gebruikmaak van die terme "folder", "save" en "print."

Aan die einde van die periode moet die kinders na die volgende klas gaan, maar eers afteken. Die gesprek klink dan so:

Ek: "Look at your screen. Do you see the cross at the top right corner of your screen?"

Kinders: "Yes, ma'am."

Ek: "If you want to close the window, click on that cross."

Omtrent die hele klas kry dit reg, behalwe so jong dingetjie wat heel voor sit. Ek herhaal: "Click on the cross to close the window."

Geen reaksie. Ek sê: "Just close the window!!!"

En toe staan sy op en gaan maak die klas se venster toe.

Ons drie dink lekker temas uit: ouvroustories en bygelowe, oorleweringe en familiegeheime. Ek vertel vir hulle hoe my pa my geleer het van miere en die manier hoe hulle grassies bymekaarmaak: wanneer hulle die grassies rondom die nes pak, gaan dit daardie seisoen baie reën. Wanneer hulle die grassies binne-in die nes indra, gaan dit droog wees.

Ek vra of hulle ouers of grootouers hulle al so iets geleer het?

Ja, sê een ernstige kind. Sy ouers het hom geleer dat, wanneer die wolke donkerblou aankom en daar weerlig is, gaan dit kom reën.

Ja, wel, dink ek.

Ons kry gereeld kommunikasie vanaf die onderwysdepartement en van Wikus af om ons op die hoogte te hou van elke verwikkeling. Ek stel 'n hele klomp lêers saam wat wys hoe ons werk en stuur dit gereeld na die onderwysdepartement. (Nothing is ever finished until the paperwork is done…)

Omdat die kinders nie formele punte kry vir hulle werk nie, geniet hulle dit meer. Hulle weet van die wortel wat voor ons neuse gehou word: As jy hiermee aanhou, kan drie kinders en drie onnies oorsee gaan. Ek ruk die atlas uit en wys vir almal waar die land is (waarvan hulle al so baie gehoor het), ek vertel vir hulle van die landmerke en die mense.

Intussen het die borg laat weet dat ons skool drie skootrekenaars, 'n digitale projektor en 'n digitale witbord kan kry indien ons enduit hiermee volhou.

Ek will een hê! Ek wil een hê! En ek werk al hoe harder. Onthou: daardie dae was die geld min. Want wil ons iedergeval met 'n skootrekenaar maak, ons het dan ons eie jalse groot boksrekenaars wat die wêreld vol staan? En o, ja, skootrekenaars is baie duur.

Iewers het sommige van hulle lekker moeg geraak vir 'n rekenaar en om dokumente op te stel en om vir die klas te kom vertel wat hulle gemaak het. Daar is net 'n handvol bittereinders.

Wanneer ek in die aand uitgeput aan die slaap raak, herinner ek myself aan die reis en die skootrekenaar en die projektor en die witbord. Wat presies mens met laasgenoemde maak, was vir my nog onduidelik maar dit het lekker geklink.

Ek vertel volgende week verder.

# 1970 MATRIEKKLAS HOU REÜNIE

Die 1970-matriekklas van die Hoërskool Heilbron, destyds ook bekend as die Willem Pretorius Hoërskool, het Saterdag (23 April) sy 50-jarige matriekreünie gehou.

Die reünie moes eintlik al twee jaar gelede gehou gewees het, maar is weens die Covid-19-pandemie tot nou uitgestel.

Slegs tien van die 35 leerlinge van die 1970-klas was by die reünie saam met hul wederhelftes. Vier lede van die klas is al oorlede.

Onder die teenwoordiges was die hoofseun van 1970, Fanie Hendriks. Die ander wat daar was, is Magda Vosloo nèe Booysen, Alet (Lettie) Luttig née Van Staden, wat die reünie gereël het en die 1970-matrieks met ‘n WhatsApp-groep bymekaar hou, Ansa van Rooyen née Claassen, Marie Beukes née Els, Hendrien (Liefie) Pretorius née Van der Berg, Rina van der Linde née Van Rensburg, Gerrie (Gaatjie) Muller, en Kobus (Witmuis) Hendriks en Schalk le Roux.

Die groep het eers Saterdagoggend by die hoërskool byeengekom waar hulle onder meer herinneringe gedeel het, deur die skoolgebou geloop het, die ou skoollied in die skoolsaal gesing het en verversings in die Willempie geniet het.

Daarna is die groep na die Donsveertjie Gasteplaas om verder te kuier en en die aand 'n heerlike onthaal gehou het.

'n Hoogtepunt van die aand was toe elkeen van die 1970-matrieks die geleentheid gekry het om kortliks te vertel hoe hul lewe ná skool verloop het en hul lief en leed met mekaar te deel.

Fanie het namens die klas vir Alet bedank vir haar moeite met die reëlings van die reünie. Op haar beurt het Alet almal bedank vir die moeite gedoen om die reünie by te woon.



*Op die foto voor vl: Marie Els Beukes, Magda Booysen Vosloo, Ansa Claassen van Rooyen, Schalk le Roux, Fanie Hendriks. Agter vl: Kobus Hendriks, Liefie van der Berg Pretorius, Lettie van Staden Lüttig, Rina van Rensburg van der Linde, Gert Muller.*










# HUPPEL TRIPPEL ONTVANG 'N GAS

Die Huppel Trippel Klub het vir Suster Hettie Rothman genooi om hulle in te lig oor die dienste wat die Munisipale Kliniek in Heilbron aanbied. Hulle was baie verbaas om te hoor hoe omvangryk die dienste van die Kliniek is. Van hulp met oorgewig en depressie tot toetsing vir diabetes, skildklier- en prostaat-funksie; en nog baie ander dienste tussen-in. Sr Rothman het sommer ook van die geleentheid gebruik gemaak om waardevolle wenke te gee oor voorkomende gesondheid en 'n gesonde lewensstyl. Dit was voorwaar 'n insiggewende praatjie; wat almal met hernude respek vir die personeel van Heilbron se munisipale kliniek gelaat het.

Op 17 Mei hou hulle Vasvra; en dan begin 'n nuwe reeks oor inligting oor die ontstaan van klein dorpies rondom ons. Die eerste dorpie aan die beurt is Koppies. Dit sal opgevolg word met inligting oor Petrus Steyn.

Al die seniors in Heilbron en omgewing is welkom om by ons aan te sluit in die rooi sitkamer by Huis Bron-van-Heil.





# SAPD KUIER BY KLEUTERKASTEEL





*Van Heilbron se SAPS lede het die kinders by Kleuterkasteel besoek verlede week, 28 April 2020. Die kleuters by die skooltjie het dit terdee geniet en die Kolonel moes verskeie vrae beantwoord. Die kinders het baie geleer van reg en verkeerd en sommige wil ook eendag as hul groot is 'n polisieman word.*

**BALE TE KOOP**

- Eragrostis nuwe seisoen
- Goed bemes
- Sal help met laai
- Sluit nie vervoer in nie, kan gereel word teen ekstra koste

**3 bale @ R1000.00**
**360 bale beskikbaar!**

**KONTAK LEON**
**083 229 1964**

# OUD HEILBRONNER OORLEDE



*Emmie Lubbe van Meyerton is oorlede in die ouderdom van 74 jaar. Sy is begrawe in Drie Riviere, Vereeniging. Emmie laat na haar dogter Ouna, skoonseun André, kleinkinders, Simoné, Jandré, Nandré, familie en vriende.*

# INGESLUIT IN B SEBIDENG VALKE PROEWE





*Gerrit du Plooy en DJ Pieterse het Woensdagmiddag proewe gespeel en is hierdie twee seuns ingesluit in die 0/12 B Sebideng Valke proewe span. Hulle speel vandag en môre by Hoërskool die Anker in Brakpan.*

**MASSIVE LIQUIDATION SALE OF TAXI RENTAL COMPANY**
**WE WILL SELL ON BEHALF OF CHINA AUTO RENTALS (IN LIQUIDATION)**
**MASTER REF: T001961/2020 AND OTHERS**

OVER 200 TAXIS ON AUCTION PLUS ALL COMPANY LDV'S TRUCKS SPARES FORKLIFTS WORKSHOP EQUIPMENT CATERING EQUIPMENT AND MORE















**AUCTION:**
12 MAY 2022 @ 10H00

**VIEWING:**
10 & 11 MAY 2022 FROM 10H00 TO 16H00

**ADDRESS:**
BAW
93 IRON ROAD
NEW ERA
SPRINGS

R 10 000 REFUNDABLE REGISTRATION DEPOSIT, DOCUMENTATION FEE OF R 2000 FOR ALL VEHICLE REGISTRATION, 10% BUYERS COMMISSION & VAT PAYABLE. PAYMENTS STRICTLY EFT (MUST REFLECT IMMEDIATELY) OR CARD FACILITIES AVAILABLE, NO CASH WILL BE ACCEPTED. FURTHER TERMS AND CONDITIONS APPLY. FICA REQUIREMENTS STRICTLY APPLY: COMPANY DOCUMENTS, VAT CERTIFICATE, ID & PROOF OF RESIDENCE. ALL OF THE ABOVE IS SUBJECT TO CHANGE WITHOUT PRIOR NOTICE, GENERAL RULES OF AUCTIONS AVAILABLE ON WEBSITE. THE RULES OF AUCTION COMPLY WITH SECTION 45 OF THE CONSUMER PROTECTION ACT, ACT 68 OF 2008. AFRICOR AUCTIONEERS OR THE FINANCIAL INSTITUTION'S REPRESENTATIVE MAY BID TO THE RESERVE PRICE ON BEHALF OF THE SELLER. TERMS AND CONDITIONS APPLY.

**AFRICOR AUCTIONEERS PTY LTD**
ENQUIRIES: 011 864 2990 OR 079 562 0478
EMAIL: INFO@AFRICORAUCTIONEERS.CO.ZA
WWW.AFRICORAUCTIONEERS.CO.ZA

**MEERKAT**
ONLINE AUCTIONS

(+27) 82 567 0069
roan@meerkatonline.co.za
Potchefstroom, South Africa
www.meerkatonline.co.za



# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE CHRISJAN ANDRIES SCHOEMAN,** Identiteitsnommer 401202 0048 08 9 in lewe 'n Rentenier woonagtig te Erf 625, Reitz, 9810, getroud binne gemeenskap van goedere.
**DATUM VAN AFSTERWE: 20 FEBRUARIE 2020**
**BOEDELNOMMER: 007563/2020**
Kennis geskied hiermee aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die boedel in te dien binne 30 (Dertig) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6**
**REITZ, 9810**

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE PUSELETSO VIVIAN THWALA,** Identiteitsnommer 641205 0492 082 in lewe 'n Rentenier woonagtig te Perseel 812, Petsana, Reitz, 9810, getroud binne gemeenskap van goedere.
**DATUM VAN AFSTERWE: 29 OKTOBER 2021**
**BOEDELNOMMER: 002009/2022**
Kennis geskied hiermee aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die boedel in te dien binne 30 (Dertig) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6**
**REITZ, 9810**

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE HERMANUS ELLIS, Identiteitsnommer 370130 5018 087** in lewe 'n Rentenier woonagtig te Conventionstraat 19, Reitz, 9810, getroud binne gemeenskap van goedere met **CATHARINA SUSANNA ELLIS,**
**Identiteitsnommer: 561006 0091 084.**
**DATUM VAN AFSTERWE: 5 JULIE 2020**
**BOEDELNOMMER: 006608/2020**
Kennis geskied hiermee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, Bloemfontein, en die Landdros te Reitz vir 'n periode van 21 (Een-en-twintig) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.
Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan.
**PROKUREURS VIR EKSEKUTEUR**
**BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6**
**REITZ, 9810**

## BOEDELKENNISGEWING

In die boedel van wyle **WILLEM JOHANNES NAUDE, IDENITEITSNOMMER 4111135002088,** getroud buite gemeenskap van goedere in lewe van 3de Straat Nr. 4, Heilbron, Provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 19 Julie 2021.
**BOEDELNOMMER 002254/2022**
Krediteure en Debiteure in bogenoemde boedel word hiermee versoek om hulle eise in te dien en hulle skulde te betaal by die kantoor van die ondergetekendes binne 'n tydperk van 30 (dertig) dae gereken vanaf datum van publikasie hiervan.
**CLAASEN PROKUREURS**
**STRYDOMSTRAAT 11**
**POSBUS 7**
**FRANKFORT, 9830**
**TEL: 058 813 1131**
**E-POS: claasenprk@gmail.com**

**VORM JJJ**

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **TRANSPORTAKTE T11497/1984** gepasseer deur **STADSRAAD VAN DIE MUNISIPALITEIT** van **EDENVILLE** ten gunste van **SARA JOHANNA SMIT** ten aansien van sekere **ERF 232, DISTRIK KROONSTAD, PROVINSIE VRYSTAAT, GROOT: 2974 (TWEE DUISEND NEGE HONDERD VIER EN SEWENTIG)** vierkante meter.
Wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Heilbron op hede die 26ste dag van April 2022.
**AANSOEKER: AMANDA ANNE SCHUTTE**
**ADRES: KERKSTRAAT 40,**
**HEILBRON, 9650**
**E-POS: aktesa@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**

## AUCTION
## REFER: NN2121/SVDW
## CASE NO. 138/2020
## NOTICE OF SALE IN EXECUTION

**IN THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA**
**FREE STATE DIVISION, BLOEMFONTEIN**
In the matter between:
**THE STANDARD BANK OF SOUTH AFRICA LIMITED**
*Plaintiff*
and
**DANIEL BENJAMIN NIENABER**
**(ID Number: 710706 5252 088)**
*First Defendant*
**ELMARIE NIENABER**
**(ID Number: 750310 0190 087)**
*Second Defendant*
In pursuance of a judgment of the above Honourable Court dated 30 September 2020 and a Writ for Execution, the following property will be sold in execution on **MONDAY** the **15 AUGUST 2022** at 13:15 at before the Sheriff of **HEILBRON** held at **MAGISTRATE'S COURT, ELS STREET, HEILBRON.**
**CERTAIN: 881 ORANJEVILLE EXTENSION 1, DISTRICT HEILBRON, FREE STATE PROVINCE**
**IN EXTENT: 2650 (TWO THOUSAND SIX HUNDRED AND FIFTY SQUARE METRES)**
**HELD BY: DEED OF TRANSFER NO. T31362/2006**
**SUBJECT TO: THE CONDITIONS THEREIN CONTAINED**
**ALSO KNOWN AS: 76 STRYDOM STREET, ORANJEVILLE**
**CONSISTING OF: A RESIDENTIAL UNIT ZONED FOR RESIDENTIAL PURPOSES CONSISTING OF A 1 X LOUNGE, 1 X DINGING ROOM, 1 X KITCHEN, 4 X BEDROOMS, 2 X BATHROOMS, 4 X GARAGES. (NOT GUARANTEED)**
The Purchaser shall pay VAT and a deposit of 10% of the purchase price in cash on the day of the sale, the balance against transfer, to be secured by a bank or building society guarantee, to be approved by the Plaintiff's attorney, to be furnished to the said Sheriff within fourteen (14) days after the date of the Sale.
The conditions of sale will lie open for inspection during business hours at the Offices of the Sheriff for the High Court, Heilbron.
**TAKE FURTHER NOTICE THAT:**
This is a sale in execution pursuant to a judgment obtained in the above Court, The Rules of this auction is available 24 hours foregoing the sale at the office of the **SHERIFF FOR THE HIGH COURT OLD MUTUAL BUILDING, 41 BREË STREET, HEILBRON.**
Registration as a buyer, subject to certain conditions, is required i.e:
1. Directions of the CONSUMER PROTECTION ACT 68 of 2008 (obtainable at URLhttp://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=99961).
2. Fica-legislation in respect of identity & address particulars.
3. Payment of registration monies.
4. Registration conditions.
The office of the **SHERIFF OF THE HIGH COURT, HEILBRON (JOHAN VAN ROOYEN)** will conduct the sale.
Advertising costs at current publication tariffs and sale costs according to court rules will apply.
Dated at Bloemfontein on this the 19th day of APRIL 2022.
**ATTORNEY FOR PLAINTIFF**
**DERK VAN VUUREN**
**McINTYRE VAN DER POST**
**C/O McINTYRE VAN DER POST**
**12 BARNES STREET**
**WESTDENE, BLOEMFONTEIN**
**9301**
**REF: NN2121/SHARI VAN DER WALT**
**SHERIFF OF THE HIGH COURT**
**OLD MUTUAL BUILDING**
**41 BREË STREET**
**HEILBRON**
**TEL NO. 058 853 0490 / 083 702 1238**

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the Late:
**SURNAME: HEYDENREICH**
**FIRST NAMES: HENDRIK JACOBUS**
**ESTATE NUMBER: 9245/2021**
**IDENTITY/PASSPORT NUMBER: 410903 5032 080**
**DATE OF DEATH: 12/09/2021**
**LAST ADDRESS: 201 OLD MUTUAL BUILDING, BREË STREET, HEILBRON**
The FIRST AND FINAL Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from 6 May 2022 at the office of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's Office.
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**P.O. BOX 205/591**
**HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**REFERENCE: AA SCHUTTE/jf?**
**DATE SUBMITTED: 2022/04/21**

**BLOEDSKENK DATUMS - 2022**
save life Give blood
**24 Mei**
**26 Julie**
**27 September**
**29 November**

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R

Muller Draaiwerke
**Andries Muller**
**072 447 7446**
**Vrystraat 23, Heilbron**
**Ou Heilbron Betonwerke se gebou**
**MILLING • KEYWAYS**
**ALGEMENE DRAAIWERK**
**MEGANIESE HERSTELWERK**

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**

**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
Vleissentraal
JJ Hadebestraat 97, Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1047

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the Late:
**SURNAME: VAN TONDER**
**FIRST NAMES: WILLEM JACOBUS PETRUS**
**ESTATE NUMBER: 9356/2021**
**IDENTITY/PASSPORT NUMBER: 350507 5011 085**
**DATE OF DEATH: 5/09/2021**
**LAST ADDRESS: HUIS BRON-VAN-HEIL, FLAT 10, DISTRICT HEILBRON**
The FIRST AND FINAL Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from 6 May 2022 at the office of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's Office.
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**P.O. BOX 205/591**
**HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**REFERENCE: AA SCHUTTE/jf/**
**DATE SUBMITTED: 2022/04/21**

**POSTNET HEILBRON**
**CRIMINAL RECORD CHECKS NOW AVAILABLE AT POSTNET HEILBRON**
- **STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00**
- **PREMIUM - 5 HOURS – R255.00**
- **PRIORITY - 2 HOURS – R395.00**

Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.
PostNet Digital

# SMALLS

# EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
**Vir die beste transaksies en diens**
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5**
**Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
• **Silma** marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**
***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

# TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

**WINKELURE**
**MAANDAE - DONDERDAE:** 07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE**: 08:30 - 13:00
**Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033**

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# HERALD Sport

# GHOLFDAG SATERDAG 21 MEI 2022

Jy hoef nie gholf te speel om die gholfdag by te woon nie.

Optredes deur musiekkunstenaars Rickus Nel, Liza Brönner en Danny Smoke. R200 p.p. Skoolgaande kinders is gratis. Die vertoning begin om en by 18:30.

Daar sal ook 'n kosstalletjie wees. Kaartjies beskikbaar by die kerkkantoor. Kontak gerus vir Magda vir jou bespreking: 058 852 1990.

Vir meer inligting, kontak Dries by 082 781 6163.




JAARPROGRAM : 2022
RIEMLAND JAGTERSVERENIGING

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 7 MEI | UK VERGADERING BLOEMFONTEIN | |
| 21 MEI | CHASA KWALIFISERING / VERBETERING | 09:00 |
| 4 JUNIE | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPEN SPORTSKIET | 10:00 |
| 09 JULIE | LANGAFSTANDSKIET | 09:00 |
| 13 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPENSPORTSKIET | 10:00 |
| 20 AUGUSTUS | UK VERGADERING BLOEMFONTEIN | |
| 03 SEPTEMBER | JEUGSKIETDAG | 09:00 |
| 08 OKTOBER | GROEPERING SKIET / TROFEE MEET | 09:00 |
| 15 OKTOBER | ALGEMENE JAARVERGADERING BLOEMFONTEIN | |
| 04 NOVEMBER | JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK | 18:30 |

## AP KERK GHOLFDAG BORGE

*dankie aan al die volgende borge*

Francois Naude · Bashia Lake Buffalo Ranch · Mike & Pierre Kemp · JCB · Tyremart · Hennie Fourie · HBA · Spar · Telwedre Voere · Dentist · Hannes Myburgh Jnr · Jacobus Liebenberg · Arno & Lukas Smit · RSA Grain Storage Solutions · Tierbank Lodge · Stainless & Mild Steel Solution · Roos · Bennie Steenkamp · BKB · John Keddie · Altus Uhlenhut · San Jo's · VKB · Lee Meat Company · Gerbus Swart · Marlize Swart




**GiG Technologies**

Kerk str. 44 Heilbron
Tel: 087 527 0838
Cell: 072 840 4495
info@gigtechnologies.co.za

- Internet Service Provider
- CCTV & Alarm Installations
- Computer Sales & Support

Technology without the headache!










**BKB**

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

## Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 9 MEI 2022**

WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Jacques vd Merwe 082 325 0036

**DINSDAG - 10 MEI 2022**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

**WOENSDAG - 11 MEI 2022**

REITZ Twee-weeklikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835

**DONDERDAG - 12 MEI 2022**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

**VRYDAG - 13 MEI 2022**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

**www.bkb.co.za**
**BKB Louwid 2005/026173/07**
**Posbus 220, Frankfort, 9830**
**Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317**
**e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za**